Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 40

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

WOESTYNPLANTE

Mense wat weet, sê altyd, as jy Namakwaland in die blomtyd gesien het, jy dit nooit weer vergeet nie. Vir myle en myle net blomme voor jou oog, en hier langs jou voet — goud en oranje, rooi en blou en pers. 'n See van blomme: madeliefies en vygies, woestynlelies en aalwyne, aasblomme en vlokkies" stinkkruid en gousblomme. Orals kruip dit uit en blom.

Die skoonheid oorweldig jou en bring jou in die verleentheid; 'n knop in die keel en vog in jou oë. Jy kyk diekant toe weg.

Woestynblomme. In die barre, onherbergsame wildernis waar God hulle geplant het. 'n Doodse wêreld, maar met een buitjie reën word dit 'n sprokiesland. 'n Blommeparadys.

Die klein bietjie vog laat die saadjies juigend opskiet en binne enkele dae staan God se tuin in volle bloei. Met koorsagtige haas stoot die plantjie sy blomknop uit om dankie te sê aan die Skepper. Een buitjie reën en dit word 'n towerland.

Deur langdurige droogtes bly die groter woestynplante soos aalwyne, nabome en besembosse met taaie volharding aan die lewe. Dit gaan bitter, maar hulle bly leef — in die wete dat hulle Skepper hul nie sal vergeet nie. Hulle pas hulle aan by die woestyn, omdat hul Skepper dit so wil hê. Daar leef en groei hulle — 'n onbegryplike wonder vir elkeen wat hulle sien.

Bewoners van die woestyn. So maklik tevrede. So dankbaar vir elke druppeltjie wat hulle ontvang — so gou gereed om met hul blommeprag hul dank te bewys aan die Groot Tuinier.

Ek ken mense wat so is, maar hulle is seldsaam — steeds dankbaar teenoor God vir elke klein gawe en geringe guns, elke stukkie brood en elke asemtog. Vir elke nuwe dag met die lief en die leed en die mooi dinge wat hy bring — die handdruk van 'n medemens, die lag van 'n kind, die swaaiende stert van 'n hond. (Louis Bromfield).

Dankbare woestynplante.

Hoe anders as die blomme en plante wat ons dikwels so nougeset versorg, gereeld water gee, die beste grond en bemesting gee — om soms dan te sien alles help niks. Ons troue sorg en arbeid bly onbeloon.

Sulke mense ken ek ook. Met hulle gaan dit nooit goed nie. Altyd maar 'n klag. Met die keur van God se gawes word hulle versorg, maar dis nie goed genoeg nie. Steeds ondankbaar, steeds ontevrede — of miskien so tevrede met hulself dat geen vrug vir God, geen blom vir Hom uit hul lewens spruit nie. 'n Ondankbare lewe.

'n Blom wat roep om die graaf.

'n Boom wat roep om die byl.

Leer van die woestynblommetjie wat dankbaarheid werklik is. Sy lewetjie is so kort — dis maar enkele weke — en tog betoon hy daarin meer dankbaarheid as baie mense in hul lewe. Hy vra so min en gee so baie.

Here, gee my maar van die krummels. (Matth. 15:28).

Vader, maak my maar 'n deurwagter. (Ps. *84*:11).

Laat my 'n woestynblom wees op u goeie aarde. Dit is vir my genoeg.

W. J. Maritz.

As hulle met my lol, bedank ek sowaar die kerk

Dit is Sondagmôre. Die radio speel sagte, gewyde musiek. Die musiek word onderbreek en mooi en duidelik klink die stem van die omroeper: "Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees."

Ek is besig om die Psalms wat ons met die erediens moet sing, vir die orrelis uit te skrywe. Met dié dat my oog na die straat se rigting kyk, merk ek die Pieterses se motor die straat afry. 'n Yslike boot, "SANTIE", is bo-op die tent vasgemaak. Pieterse met sy hele gesin gaan vandag natuurlik weer uitkamp. Wat baat toe al die kommissiewerk by hierdie gesin? Met ons laaste besoek was die atmosfeer gespanne. Daar is mooigepraat, daar is hard en reguit gepraat. Vantevore het hy reeds vir die ouderlinge gesê "as die kerkraad met my lol, bedank ek sowaar die kerk."

Gaan kyk jy in die katkisasieregister, merk jy tot vier kruisies agter mekaar agter die name van Amanda, Ronel en Dawie. Die jongste, Gysie, die oogappel van sy pa, besoek die katkisasie nog nie, want hy was so pas vier jaar oud.

Laat die Sondagmiddag neem ek die motor en ry na Storrsweg 27. Ek hou stil voor 'n netjiese huis, en die blomtuin getuig van smaak. Die mense is reeds terug, want die motor met die boot bo-op staan langs die huis. Terwyl ek nader stap, hoor ek hoe luid en uitbundig gaan die kinders in die swembad agter die huis te kere. So deur die geklop en gefladder van die water hoor 'n mens hoe word daar gelag en geskreeu.

Oom Gys, hulle vader, met die jongste, Gysie, 'n pragtige seun, staan op die wal van die swembad met 'n bal in die hand. Die moeder was iewers in die huis doenig. Ek het na oom Gys gestap en gegroet: Sommer met die groet kon jy feitlik die tasbare verset in sy oë lees. Die man is 'n moeilike soort mens. Gewis nie maklik om te nader nie. Hy is reguit en ongeveins in sy onverskilligheid. Saam op die stoep het ons rondom die teetafeltjie gaan sit.

"Oom Gys, het ek gevra: Voel u gelukkig en tevrede om die dag van die Here so deur te bring?" Volgens sy blik het hy van die vraag nie gehou nie. Hy het hom reguit na my gedraai en gesê: "Kyk, u is welkom om 'n koppie tee hier saam met ons te drink, maar laat ons mekaar goed verstaan, as u gekom het om hier te sit en preek, wil ek u vriendelik vra om te ry."

Sy stem is hard, reguit en onverskillig. In sy stem was daar iets wat my bangmaak, self intens bevrees maak. Ek weet nie of dit die, wat jy kan noem sataniese beslistheid in sy stem is nie, of die wyse van praat nl. Ek stuit vir geen mens nie. En laat ek maar weer aan u stel, so gaan hy voort: Hier in my huis word nie aan my voorgeskrywe wat ek moet doen en wat ek moet nalaat nie.

"Oom Gys" sê ek vir hom: "Verstaan my tog goed;" ek het nie kom twis, en hier kom rusie maak nie, ek wil graag met u in alle erns gesels. U openbaar 'n gesindheid wat tot droefheid stem. Hier het ek voorlopig gehalt, want aan sy regskuiwe op sy stoel kon ek merk daar is nog 'n hele paar kwade gedagtes wat uit sy binneste loswoel. Later het ek opgestaan en gesê: Oom Gys in so klimaat van gespannenheid kan ek nie gesels nie. Voor ek daar weg is, het hy my nog 'n paar keer goed laat verstaan in sy huis reël hy en bestuur hy alles. Die kerkraad moet hom asseblief sy gang laat gaan en hulle kan hulle gang maar gaan.

Een Sondagmiddag, ruim twee maande later, ons het pas 'n bietjie gaan lê en rus, het die telefoon skril gelui. Die middagstilte en rus is versteur. 'n Vroue stem het byna histeries geskreeu: Gysie, het verdrink, . . . hy is weg, hy is dood. Vir 'n wyle het ek met die telefoon vasgenael bly sit. Stadig het ek weggery, weer na Storrsweg 27. Die swembad was leeg, uit

die huis kon ek duidelik snikke hoor. Die man was gebroke; ek het sy hand geneem. Sy hele wese was met smart deurtrek. Op my vraag of ek 'n stukkie uit die Bybel vir hulle kan lees en 'n gebed vir hulle kan doen, het hy nie geantwoord nie. Hy het alleen sy gesig bedek in sy hande en gesê: Dis swaar, dit is 'n harde saak. Die dag voor die begrafnis het ek hom weer besoek. Die oë het gespreek van rou verdriet.

Op sy versoek het ons by die graf gesing Ps. 116:5.

"U het my siel weer van die dood bevry; in droefenis droog U, o Heer, my trane, U lei my voet langs nuwe lewensbane Om in u lig te wandel, lewensbly."

Terwyl ons sing, het hy by my kom staan en snikkend gesê: God reël en bestuur alles!

G. H. Buys.

Die dominee was nog nie by ons nie

Ja, my vriend, jy is nie die enigste wat hierdie klag opper nie. Ek hoor dat dit dikwels van vele predikante gesê word. Jy noem 'n reeks onnodige dinge op waaraan die predikant behoort, soos verenigings en komitees. Jy sê dat hy net by sekere mense boer. Ek is bly dat jy so goed op hoogte is omtrent wat jou predikant doen, want dit toon my dat jy in hom belangstel en graag met hom op goeie voet wil verkeer.

Waarom jou predikant nog nie by jou was nie weet ek nie. Miskien weet hy nie eers van jou bestaan nie. Die boer sal die verdwaalde skaap waarskynlik nie vind as die skaap nie blêr nie. Miskien lê die fout by jou predikant, maar daaroor kan ons twee nie gesels nie, want wat help dit dat ons twee hom kritiseer en hyself hoor dit nie. Dit sal hom nie laat verbeter nie. Nee, met hom moet oor hierdie saak gespreek word. Het jy dit al gedoen? Was jy al ooit by die dominee? Jy sê nee, want hy is nooit by die huis nie. Ja, die arme predikant se vrou en kinders het dit ook maar moeilik. Hy is 'n baie uithuisige man.

By die Huis.

Maar weet jy dat jy hom elke Sondag by die huis sal kry) Dan is hy by dié **Huis** — die kerk. Gaan kuier daar vir hom, luister wat hy te sê het, en laat jou hart hom antwoord. Jy wil nie gaan nie, omdat hy nie na jou toe kom nie. Maar gaan, my vriend. Gaan luister. En kyk, daar sal Een vir jou kom kuier wat 'n veel heerliker kuiergas is as die predikant. Jy het natuurlik al gehoor van die heerlike lewe in die hemel? Maar weet jy wat dit is wat hierdie lewe so heerlik maak? Dit is omdat die mense daar by God woon, omdat God daar hulle ewige "kuiergas" is. Dit is sy teenwoordigheid wat alles so ongeskryflik heerlik maak. Dit het die mense ondervind wat Jesus as hulle Kuiergas hier op aarde gehad het. Deur te luister na die prediking, deur saam met ander sondare op die Sondag bymekaar te kom, ondervind ons ook hierdie saligheid.

'n Geweldige taak.

Alleen deur te luister na die Woord van God word ons hierdie verkeer met God deelagtig. En dit is die geweldige taak van die predikant dat hy die Woord van God suiwer moet verkondig. Soos die huisvrou haar gesin nie behoorlik kan voed as sy nie die nodige arbeid en moeite met die voorbereiding van die ete gedoen het nie, so kan die predikant ook nie voedende geestelike spyse aan die gemeente voorsit sonder die nodige studie en worsteling nie. Is dit nie dalk die groot rede waarom hy ook so min buite sy studeerkamer gesien word nie? Maar waarom dan vir hom daaroor kwaad wees? Waarom om hierdie rede wegbly van die kerk? Ons moet juis bly wees daaroor. Dit verwelkom omdat ons nou as kuiergas het, nie 'n mens nie, maar God self. En waar die kuier van die predikant weer gou vergeet word, waar dit 'n kortstondige kuier is, daar is die kuier van God ewig en die vreugde ewig.

Ongelukkig?

Jy is ongelukkig. Jy sê dat dit is omdat die dominee nog nie by jou was nie. Nee, my vriend, dit is nie waarom jy ongelukkig is nie. Wees nou eerlik met jouself. Moet jy nie dalk maar erken dat jy die innige verkeer met God nie ken nie en dat dit die oorsaak van jou ongelukkigheid is nie? En as jy verder gaan, moet jy nie erken dat daar nog baie ander dinge is wat jou ongelukkig maak nie? Waarlik, die sonde bring ongeluk en donkerheid in ons lewe.

Jy het net die een aanklag teen jou predikant. Die ander klagte wat voortdurend teen die predikante gerig word ken jy ook seker goed. Onthou maar net dat hulle ook mense is. Maar weet dit: Wanneer iemand met sulke klagte kom, skeel daar iets aan sy lewe, want wanneer hy ten volle lewe met God, sien hy nie die mens met sy foute en gebreke nie, maar sien hy

God alleen.

Mag dit so wees dat jy die diepe en heerlike vreugde ken 'wat voortvloei uit die omgang met God.

R. V. Venter.

Jy beweeg my byna om 'n Christen te word

Jan Twyfelaar:

U beweer dat daar 'n God is. Hoe weet u dit?

God bestaan net omdat mens bang is vir eensaamheid. Hy bestaan net omdat die mens Hom self skep!

Die Dominee:

Wel, die Bybel, die Woord van God, leer my dat God bestaan, en sy Heilige Gees verseker hierdie wete in my hart. Waar, sou u meen, kom die hemel en aarde dan vandaan?

Jan:

Maar wat is die Bybel nou meer werd as 'n ander boek? Daar staan ook soveel teenstrydige dinge in, dinge wat ook direk bots met die uitvindings van die moderne wetenskap, dinge soos 'n aarde wat op pilare staan . . . Maak julle Christene nie van 'n **boek** 'n god nie?

Dominee:

Nee, die Bybel is 'n wonderlike boek, sonder enige teenstrydighede. As u maar net daarvan 'n goeie studie wil maak . . .

Die Bybel leer ons self dat hy eg is . . . die Woord van God is. U weet tog: 'n egte diamant bewys sy egtheid vanself! Al die dinge in die Bybel is egte, ware **feite,** onweerspreekbaar vas! Duisende mense het dit gesien en getuig, en God het alles foutloos laat opteken.

Het u al 'n boek gelees oor die moderne opgrawinge in die Bybellande? Maar u het nog nie my tweede vraag beantwoord nie . . .

Jan:

O, waar kom die hemel en aarde vandaan? Wel, hulle is maar net daar soos u en ek daar is.

Dominee:

U beweer dus dat alles so sal bly voortbestaan vir ewig?

Ons moet aan u verkondig dat God dag bepaal het waarop Hy alle sonde en ongeregtigheid kom straf, 'n dag waarop hierdie aarde met vuur en swawel sal vergaan, en . . . 'n dag waarop Hy weer alles nuut maak. Dan breek 'n gans nuwe lewe vir sy kinders aan

Jan:

Sonde? Dit bestáán nie vir my nie!

Dominee:

Maar u verwyt tog dikwels die kerk se sondes nie waar nie? U wys tog dikwels die vinger na hierdie of daardie dominee, ouderling, diaken, lidmaat wat agteraf soveel kwaad doen. U noem hulle dikwels huigelaars, skynheiliges, wat Sondag **dit** sê en Maandag **dat** doen.

Dit noem ons sonde!

Meer nog.

Sonde is nie net bloot iets wat ons mense teen mekaar en teen die kerk verkeerd doen nie, nee, sonde is verset en opstand teen **God!** Daarom kom Hy dit ook straf.

Jan:

U het genoem van 'n nuwe lewe en 'n nuwe aarde . .

Hoe sal dit daar wees?

Hoe kom mens daar?

Dominee:

O, dit sal wonderlik daar wees! Geen dood, trane, moeite. Net ewige jubel en ewige blydskap voor die aangesig van God en Jesus Christus.

Hoe kom u daar? Met ander woorde: Hoe word u gered?

Glo in die Here Jesus Christus en u sa] gered word!

Hy neem al ons sondes genadiglik weg! En Hy wil ook die van u wegneem!

Jan:

Jesus Christus — **kan** Hy sondes vergewe?

Dominee:

Ja, Hy **kan.** Hy is God — almagtig. Hy is gekruisig vir ons sondes, en begrawe, en die derde dag het Hy opgestaan uit die dode. Baie mense het dit gesien. Dis geen oëverblindery gewees nie maar alles klinkklare feite!

En eenmaal sal alle gelowiges ook soos Hy opstaan . . .

Hy **kan** red, maar meer nog: Hy wil red, want Hy het nie behae in die dood van 'n sondaar nie maar daarin dat hy hom bekeer en lewe. Hy is 'n God van liefde!

Jan:

U beweeg my byna om 'n Christen te word!

Dominee:

Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie u alleen nie maar almal wat hierdie Woord hoor, gered word!

J. H. van Wyk.

OOM WILLIE DU TOIT

Wie is Oom Willie du Toit?

Van sy vorige lewe en lyde weet ek min, behalwe wat Oom Willie self, heel beskeie, en ander vir my vertel het. Dit was my voorreg om hom 'n paar maande voor sy dood te ontmoet.

Oom Johannes en ek stap aan na die nederige huisie, naby die sloot in Jacobsdal. Hy deel my so een en ander mee, want toe het ek nog baie min geweet van Oom Willie. Voor die huis staan twee regop bloekombome. Daar is seker 'n geskiedenis aan verbonde.

Op die bed in die kamertjie sit-lê 'n netjiese, wasbleek ou vadertjie, met fynbesnede gelaatstrekke, en die hande van 'n kunstenaar. Vroeër het hy nog op 'n rystoel beweeg, maar tans is hy aan sy siekbed gebonde. Hy word reeds swakker. Sy einde is naby. Hy weet dit, maar vol vertroue, ja met verlange gaan hy sy Heiland tegemoet.

Hy groet ons beleefd. Die houding is die van 'n edelman. Ons gesels gemoedelik. 'n Paar mooi kaartjies met tekste en gedigte word vir ons saamgegee. Die mure is daarvan vol, beeld van sy godvrugtige lewe. Veral tydens Kersfees word hy met honderde sulke bewyse van liefde oorlaai.

In die agtergrond beweeg sy suster, wat hom versorg, en lief en leed met hom deel, 'n Gewese onderwyseres help hom met sy uitgebreide korrespondensie. Sy gees is nie gebonde aan die gebroke liggaam nie, maar sweef in die ruimtes, hou gemeenskap met sy Here, leef saam met en besiel 'n grote skare van Bybelgenootskappers.

Ons moet weer gaan.

"Oom Willie, wat is die geskiedenis van die twee bome?"

En toe vertel hy. In sy jonger jare het hy dit met sy eie hande geplant, en gereeld nat gemaak. Die kleinjong wat sy stoel gestoot het, het hom gehelp, waar hy nie kon bykom nie.

Die gees wat so 'n gebroke liggaam stuur, moet sterk wees. Dis dieselfde gees wat hom deur 60 jaar van lyde gedra het. Aan die begin van hierdie eeu, toe hy nog 'n jong man was, het hy die slagoffer geword van die oorlog, en van 'n operasie, op onverantwoordelike wyse op hom volvoer. Wat 'n leerskool in geloof en volharding!

Wat het Oom Willie gedoen?

Liewe Christenvriende het hom en sy ouers tydens en na die oorlog versorg. Toe tye beter word, en die ondersteuning vermeerder, het Oom Willie sy baie vriende gevra om saam met hom die BYBELGENOOTSKAP te steun, en die brood van die Ewige Lewe vir die honger siele aan te dra. Dit was vir homself 'n trotse dag toe hy met sy eerste rand die fonds begin het wat, sonder dat hy dit besef het, vandag die ongelooflike syfer van bykans 20,000 rand bereik het.

Geagte vriend, kan u dink wat dit beteken? Dit beteken dat 40,000 en meer ongelukkiges in staat gestel is om die grootste skat op aarde te besit, naamlik die Woord van God, die Evangelie van ons Here Jesus Christus, die rigsnoer in lewe en sterwe.

'n Doodarm, sieklike jong man, 'n man op gevorderde leeftyd, met geen hoop om soos ander mense normaal te lewe, 'n ou man, wat sestig van sy iets meer as sewentig jaar van lewe in pyn, ongemak, ellende deurgebring het, vir hom het die Here gebruik om 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid, nie alleen vir homself, maar vir duisende, uit genade, te verwerf, 2 Kor. 4:17.

Nou, my liewe vriend, dink aan jou eie lewe, ook miskien 'n lewe van lyde, met tog soveel

moontlikhede vir die goeie. En veral u, wat gesond is, tot baie in staat is, wat maak u met daardie lewe?

Ons Skepper het ons bestem om Hom te dien met alle kragte na siel en liggaam en om ons naaste te dien na die beste van ons vermoë. Om in geloof, in liefde, in diens ons grootste geluk te vind.

Kom, ou vriend, kom haal een van Oom Willie se Bybels.

Jacs. van Rooy.

GOGGA MAAK VIR BABA BANG...

Is u ook een van die spotters?

U glo die duiwel is 'n hersenskim. Die oordeelsdag is vir u 'n goeie bangmaakstorie. En die hel . . . 'n plek waar die duiwel die vuur vir die goddelose stook— is die uitvinding van 'n gefrustreerde Christendom.

Die spotter sê: Hierdie dinge is die gogga wat die kerkmense uitgevind het om baba mee bang te maak.

Mens moet net nie so naïef wees om jou met sulke snert te laat vang nie.

Die spotters was daar altyd . . . Petrus, die apostel skryf (2 Petr.3:3) "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af."

So was dit ook in die tyd van Noag. Waar hulle belangstellend staan en toekyk het hoe hy en sy seuns timmer aan die reuse skip, kon hulle nie help om die hoof bejammerend te skud vir sy "waansinnige" oordeelsaankondigings nie: Verbeel jou, 'n watervloed oor die hele aarde!

Ook Lot het dieselfde ondervind as Noag.

As hy koorsagtig sy skoonseuns smeek om te vlug vir die oordeel oor Sodom, dan lyk hy vir hulle net soos een wat gekskeer.

As u 'n spotter is, weet dit: Die Bybel lieg nie!

Daar is baie gelag vir die fabeltjie van Sodom en Gomorra se ondergang . . totdat op die bodem van die Dooie See die oorblyfsels gevind is van wat eenmaal 'n pragtige stad en 'n wonderskone landskap was.

Nee, die Bybel lieg nie. Daar is 'n duiwel. Daar is ook 'n oordeelsdag . . . en 'n hel!

Die duiwel is die engel wat nie voor God wou buk nie; hy het hom verhef teen God (Judas 6.) Sy naam, Satan, beteken teëstander. Hy het die teëstander van God geword.

God het hom nie gespaar nie. Met trawante-en-al is hulle in die hel gewerp en aan kettings van die duisternis oorgegee. Daar hou God hulle in bewaring vir die oordeel van die groot dag. (2 Petr. 2:4).

In die stryd tussen God en die duiwel het die mens vir die duiwel gekies (Gen. 3). Ook die mens het 'n teëstander van God geword. Daarom val hy onder dieselfde oordeel as die duiwel. Saam bewaar God die mens en die Duiwel vir dieselfde verdoemenis.

God het die mens egter 'n uitkoms gegee. Dit is Jesus Christus. Hy is na die wêreld gestuur om die straf oor die mens te kom dra. Elke mens wat Christus aanneem, kom nie in die oordeel nie (Joh. 3:18), maar elke mens wat nie in Hom glo nie, op hom bly die toorn van God (Joh. 3 :36).

As Christus weer kom, kom Hy die wat Hom nie aanvaar het nie veroordeel; die Vader het die reg aan Hom gegee om te oordeel (Joh. 5:22).

Christus talm nog om te kom. God vertraag sy koms. Hy wil hê dat alle mense sy Seun sal aanneem. Hy is baie barmhartig; niemand moet veroordeel word nie (2 Petr. 3:9).

Sommige, miskien ook u, sê: Christus het nog nie gekom nie, dus die Bybel lieg. Nee, God verleng nog die tyd.

Skielik sal Christus egter kom . . . en saam met Hom die oordeel!

Die oordeelsdag . . . dit sal vreeslik wees om te belewe vir hulle wat Hom nie geken het nie. Die wat Hom aanvaar het, word vrygespreek. Maar die wat Christus verwerp het, gaan weg in die ewige straf (Mat. 25:46). Dit is die hel. . .

Die hel is 'n ewige verderf weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte (2 Thess. 1:9). Daar sterf hulle wurm nie en die vuur word nie geblus nie (Mark, 9:*44).* Daar is geween en gekners van die tande (Mat. 8:12).

Dit is die buitenste duisternis (Mat. 22:13).

Daar word liggaam en siel verderwe (Mat. 10 :28).

Dit is die poel van vuur en swawel . . . Dit is die tweede dood . . . Die duiwel en sy trawante is ook daar en daar word gepynig dag en nag . . . tot in alle ewigheid (Openb. 20:1 0 en 14).

Die ewige straf . . . daar kry die onbekeerde te doen met die toorn van God omdat sy liefde versmaai is en die bloed van sy Seun vertrap is.

"Gogga maak vir baba bang . . .?

Nee! Maar ook u sou nie die liefde van u vader, as hy sy verlore seun bly terugroep na huis, aanhoudend versmaai nie.

N. Droomer.

DIS DIE KLEIN DINGETJIES WAT TEL . . .

Op skool het ons 'n Engelse versie geleer wat omtrent so gegaan het:

Dis die klein barsie in die luit
wat weldra die musiek heeltemal vals maak.
Dis die klein swart kolletjie in die vrug
wat na binne verrotting werk
en weldra die hele vrug laat bederf.

So is dit in die lewe.

Die fyn klankies is nodig om die musiek mooi te maak.

Die klein liefdebewysies maak die huwelikslewe vol geluk.

Die klein diensies wat ons mekaar bewys, laat die hele dag vol blydskap word.

So is dit ook met hierdie ou blaadjie, **Quo Vadis?**

Hy is maar dun en eenvoudig.

Hy verskyn maar net eenmaal in 'n maand.

Maar hy wil so graag 'n klein bietjie liefde en vreugde en warmte bring.

in die lewe van soveel duisende wat dit mis.

En die vraag wat hy stel, is so eenvoudig: **Quo Vadis?,** dit beteken:

Waar gaan u heen ?

Maar dit is per slot van rekening die diepsinnigste vraag wat gestel kan

word.

Waar gaan jy heen?

In hierdie lewe?

En hierna?

Kan u op hierdie vraag 'n antwoord gee?

Daar is net een antwoord: Jesus Christus, die weg en die waarheid en die lewe. Het u behoefte daaraan om met iemand hieroor te gesels?

Be! dan gerus u naaste Gereformeerde dominee en vra hom om u te kom besoek.

Of skryf direk aan **Quo Vadis?,** Posbus 20008, Noordbrug, Potchefstroom. Wie weet, miskien is dit ook een van die klein dingetjies in u lewe wat onberekenbare groot gevolge kan hê in hierdie lewe en in die lewe hierna. Want wie verag die dag van kleine dinge?